# KONTAKBESONDERHEDE


**Kerkkantoor**
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
Elize Oosthuizen
060 884 4756
**Facebook:** NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas
**Webblad:** suidpuntngkerk.co.za


# BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asseblief 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Deriek | Cloete | 08/16 |
| Pierre | Marais | 08/16 |
| Sarel | Grobbelaar | 08/17 |
| Jos | Koekemoer | 08/17 |
| Annemie | Vosloo | 08/17 |
| Ena | Viljoen | 08/18 |
| Henry | Kuyler | 08/19 |
| Danette | Potgieter | 08/19 |
| Chloe | Wagener | 08/19 |
| Eléne | Cronjé | 08/20 |
| Rikus | Botha | 08/21 |
| Dirk | Kruger | 08/21 |
| Eugéne | Laäs | 08/21 |
| Talana | Schutze | 08/21 |
| Ronica | Frick | 08/22 |
| Mart | Stemmet | 08/22 |


NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG


# BULLETIN

16 Augustus 2026

# WELKOM!

**EREDIENSTYE 16/08**
9h00 L'Agulhas
10h00 Struisbaai
Kategese
Sinodale Kollekte
Hospitaalbediening
**Donderdag**
10h00 Seesaligblokbyeenkoms
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

**Sondag 23/08**
09h00 L'Agulhas
10h00 Struisbaai
Spesiale Kollekte
Bybelgenootskap

## Boompies - L'Agulhas

Die ekologiebeweging rig 'n vriendelike versoek vir konsidererende parkering aangesien die jong boompies nog op 'n brose fase is. Indien u 'n stuk ongebruikte skadunet het om te skenk ten einde die boompies te kan toespan, sal dit waardeer word.

**Blabse in Kerkafkondigings**
Die onderwerp van Maandagaand se gemeentebiduur is: "Die hemel, hoe kan jy daar kom?" Vervoer vertrek om 19h00 van die bushalte oorkant die ouetehuis.

## SINODALE DEUROFFER - Hospitaalbediening

In samewerking met die hospitaalpredikante of die leraars wat pastorale sorg en pastorale terapie aan siekes bied, word hierdie uiters belangrike diens deur die sinode gefinansier. Gemeentes dra dikwels by via spesiale sinodale kollektes. Die doel van die bediening is pastorale sorg, finansiering en koördinasie. Wat pastorale sorg aanbetref, behels dit besoeke en geselskap aan siekes, gevoelige persone en families in nood.
Koördinasie - Dit is gekoppel aan streeksinodes (soos Wes-Kaapland of Noord-Kaapland) om leraars of hospitaalpredikante te ondersteun.

## 80 - Plussers Tee

Woensdag, 16 September, word al ons 80 - Plussers met hulle gades uitgenooi na 'n tee om 10h30 in Struisbaaikerk. Dr. Marianna Pietersen is die gasspreker. Sy praat oor Tydlose Breingesondheid. RSVP teen 9 September om te bevestig of u dit sal bywoon. Kontakpersone is: JAKKIE - 0823794342, Kerkkantoor - 0284356789 of Tertius Groenewald - 0827732437. U kan vir enige van hulle laat weet of u kom.

**Teksvers:** Ps119 : 132
Sien my in genade aan soos U altyd doen vir dié wat u Naam liefhet.

## Ons bid vir...

1. Die korrekte medikasie en behandeling vir siekes.
2. Goeie versorging in 'n gemaklike omgewing vir diegene wat dit benodig.
3. Voldoende rus en gesonde kos.
4. Siekebystand en 'n oor wat luister.
5. Pastorale sorg.
6. Die vryheid om vrese en hartseer te deel.
7. Vrede en vertroosting tydens swakheid.
8. Versorgers en mediese personeel.
9. Die siekes se familie wat ook ly.
10. Seën op ons gemeente.

### KARAOKE

Hou jy van die 60s, 70s, 80s se musiek? Ondersteun dan asseblief ons KARAOKE wat op 23 Oktober plaasvind in Struisbaaikerk. 18h00. R50 per persoon. Afrikaanse liedjies moet sommer nou al deurgegee word asseblief. Bel of WhatsApp jou lied se naam & kunstenaar se naam vir Joanie by 072 5193170 as jy gaan deelneem. Alida & Mat moet dit dan soek en laai. Engelse musiek is makliker bekombaar. Bring die familie! En vriende!

**KOOR**

Kooroefening hervat weer September.

## Vir ons kinders

### Die Nar se Besoek

Daar was eendag 'n seun wat baie ernstig siek was. Hy het lank in die hospitaal gelê. Hy het 'n rare, of is dit nou 'n NARE siekte gehad. Al die dokters het saamgestem dat hy nie lank sou leef nie. Hulle kon net nie voorspel vir hoe lank hy nog sou lewe nie. Dié seun se naam was John. Eendag het 'n nar hom kom besoek. "Hoekom lyk jy so ongelukkig?" vra die nar. " Weet jy nie dat daar 'n spesiale lekker hemel vir siek kinders is nie? Jy moet net een van die bruin sakke vol maak met briefies. Elke goeie daad wat jy doen, moet jy op 'n briefie neerskryf. As die sak vol is, is jou kaartjie na daardie hemel betaal. Wag, ek kyk gou...ja, hier is nog een sakkie vir jou!" John het toe besluit om elke dag so veel moontlik briefes te skryf. Hy het begin deur opgewonde te lyk met sy ma se besoek aan hom. Dit het haar laat glimlag. Toe skryf hy op die eerste briefie: My ma het geglimlag. So gaan dit verder. Hy het kinders besoek en hulle probeer beter laat voel. Hy was hoflik en vol waardering vir alles wat die mediese personeel gedoen het en hy het dit vir hulle gesê ook. Die wonder wat toe gebeur is dat John al hoe beter begin voel het.

## Doen & Deel

Selfs die dokters kon dit nie glo nie! Hy was almal se mees geliefde pasiënt. Om 'n lang storie kort te maak, John het gesond geword. Bo almal se verwagting kon hy huis toe gaan. Kinders, gelukkig hoef ons net in Jesus te glo om 'n plekkie in die hemel te kry. Ons kan egter uit dankbaarheid vir God se liefde en genade daarop ingestel wees om ander moed in te praat en om self 'n goeie gesindheid te openbaar. Leef voluit! Wys vir die mense om jou dat jy hulle waardeer.
Dit sal God laat glimlag.

### LENTEBASAAR - 26 September

Trek solank die lappe nader en begin iets moois te skep vir ons ***allerleitafel***. Pak kaste reg en stuur vir ons enigiets. Moenie die boeke en goeie tweede-kansklere vergeet nie! Skoene, juwele en bykomstighede is ook welkom vir ons ***opwipwinkel*** in die konsistorie. Dankie by voorbaat. Alles kan by die Kerkkantoor afgegee word {Di-Do. van 8h00 tot 12h00}.

### DANKIE VIR:

1. 'n Heerlike langnaweek.
2. Annamarie Judd en haar span wat woeker met wegneemetes.
3. Die voorreg om in ons gemeente te kan wees en vir soveel geleenthede wat op ons pad kom om te geniet.

## Doen & Deel

### CAR BOOT SALE - 29 Augustus

Marietjie Hansen het laat weet dat Diens van Barmhartigheid weer 'n kattebakverkoping beplan vir 29 Augustus (as die weer dit toelaat). Koste is R50 per staanplek. Kontak Marietjie by 084 408 9472 as jy iets wil kom verkoop. Sê vir jou familie en vriende daarvan! Welkom!



Skenk asseblief enigiets wat jy nie meer wil hê nie vir ons wit-olifanttafel. 'n Goeie riglyn is om iets te skenk waarvoor jy nie skaam is om vir 'n vriendin te gee nie. Dit kan ornamente, kombuisgoed, speelgoed, speletjies, gereedskap, linne, lampskerms, klein toestelletjies wat nog in 'n werkende toestand is, geskenke wat jy nie benut nie, iets uit jou stokperdjies wees......selfs huisraad. Gee dit asb.by die Kerkkantoor af - Dinsdag tot Donderdag van 08h00 tot 12h00 of kontak Elize Oosthuizen by 060 884 4756. Hoe lyk dit? Dalk het ek iets moois wat jy graag wil hê, of andersom!
Dis 26 September LENTEBASAAR ...
Laat ons tafel BLOM!